
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [8]

24:42-51 - In, maar nie van die wêreld nie.

No. E231

So heavenly minded that you are no earthly good! Dis 'n verwyf wat graag deur ongelowiges teen die koppe van Christene geslinger word. En sekerlik is die klag soms van toepassing. Mens kry meermale Christene wat amper uitsluitlik opgaan in 'n sogenaamde persoonlike verhouding met die Here, in allerlei innerlike, mistieke belewinge, en in 'n gewaande heiligheid van wêreldmyding - tot so 'n mate dat hulle gladnie by die nood van die mense om hulle uitkom nie.

In die geskiedenis is die kerk al op 'n wydverspreide skaal deur so 'n mentaliteit geteister. Nooit het dit erger en wyer afmetings aangeneem as tydens die middeleeue nie. Asketisme en terugtrekking in kloosters is toe beskou as die uitnemende, selfs die enigste manier om jou regtig voor te berei op die ewigheid. Van 'n uitlewing van die kultuuropdrag en 'n hartstog om die evangelie uit te dra, was daar selde sprake. Franciscus van Assisi se empatie met die armes was 'n uitsondering. Voorbereiding op die ewigheid was omtrent al waarom dit vir die meeste gegaan het.

Die sestiende eeuse Reformasie het hierdie dwaling - of sal ek eerder sê, eensydigheid - ontmasker. 'n Helder lig het opgegaan: ons het 'n roeping hier en nou - ons is lig van die wêreld en sout van die aarde! En ons kan ons Christenskap in enige werk, enige professie uitleef!

Helaas het kerke wat uit die Reformasie ontspring het, spoedig weer begin balans verloor wat hierdie saak betref - na die teenoorgestelde kant toe as

voorheen. Die gevolg is dat die fyn ewewig wat ons in die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed aantref (Jh 17) ook in ons dag dikwels ontbreek - naamlik dat Sy dissipels in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie.

In die kringe waarin ons beweeg, is daar, afgesien van 'n ongesonde piëtisme, veral twee skeeptrekkings na die ander kant toe.

Opvallendste is die *Social Gospel* wat die afgelope jare al hoe meer besit neem van die groot denominasies. Toenemend gaan dit bloot oor 'n horisontale, binne-wêreldse en maatskaplike gerigtheid. Om die samelewing op te hef, raak min of meer die enigste taak van die kerk. As daar nog sprake is van 'n God-gerigtheid, dan gaan dit grootliks daaroor dat Hy na die mens se pype moet dans en die wêreld 'n beter plek moet maak. En van 'n ewigheidsperspektief is daar beswaarlik sprake. Hierdie eensydigheid is baie ver verwyder van Nuwe Testamentiese waarheid en aksente.

'n Ander skeeptrekking sien mens in die Nieu-Calvinisme. Dit lê meer op 'n filosofiese vlak, en gee voor om baie Godgesentreerd te wees. Dit beklemtoon heel tereg dat alle arbeid en alle wetenskap tot God se eer moet geskied. Die probleem is net dat só hierin opgegaan word, dat daar bykans geen sprake meer is van vreemdelingskap en 'n ewigheidsgerigtheid nie. Die gevolg is dat daar baie min van 'n evangeliese snykant oorbly - en as sodanig word iets wat aan die hart van Nuwe Testamentiese Christenskap lê heeltemal verwaarloos.

Van hierdie hedendaagse dwalings kan mens dus sê: *So earthly minded that you are no heavenly good!*

Die balans wat die Jesus aan ons voorhou

In die vier gelykenisse waarmee die Here Jesus Sy profetiese rede afsluit, gee Hy vir ons kardinaal belangrike beginsels om hierdie sensitiewe balans in ons lewens as Christene te handhaaf. Matteus 24 en 25 werp dus baie belangrike lig op die ewewigsprobleem waaroor ons dit tot nou toe het.

- Die eerste gelykenis sê dat, aangesien niemand weet wanneer Jesus terugkom nie, dit van die uiterste belang is dat Sy dissipels altyd "getrou en verstandig" sal leef.

- Met getrouheid bedoel Hy dat mens in hierdie wêreld sal woeker met die gawes en rentmeesterskap wat die Here aan jou toevertrou het. Dit gaan dus oor hoe ek lewe, veral teenoor my medemens. Oor hierdie gerigtheid op die hier en nou het Jesus dit in die derde gelykenis - dié oor die muntstukke.

- Met verstandigheid bedoel Hy dat 'n mens se hele lewe gekleur sal word deur jou ingesteldheid op die terugkoms van die Here, op jou verantwoording dan aan Hom en op die feit dat jou ewige staat finaal in die paar dekades hier en nou bepaal word. Oor hierdie gerigtheid op die hiernamaals het Jesus dit in die tweede gelykenis - die oor die tien maagde.

- Uiteindelik gee die Here in die vierde gelykenis vir ons 'n praktiese voorbeeld van een van die uitnemende maniere waarop hierdie dubbele gerigtheid in ons lewens tot uitdrukking moet kom.

Mens kan dus die boodskap van hierdie vier gelykenisse só saamvat: Leef in die lig van die ewigheid! Ek moet lééf - hier en nou volgens die opdragte van die Here. Maar my ingesteldheid moet ten diepste die éwigheid wees - want daarvoor gaan dit uiteindelik.

Of anders gestel: Enersyds, omdat ek onderweg is na die ewigheid, moet ek hier en nou só leef dat dit dán met my goed sal gaan; andersyds, omdat dit my lewe hier en nou rigtinggewend beïnvloed, moet ek die ewigheid en die uiteindelige loon altyd voor oë hou.

Laat ons, om hierdie algemene bespreking mee af te sluit, duidelik vanuit hierdie gelykenisse raaksien hoe belangrik hierdie ewewig is. In die volste sin van die woord het dit ewigheidsimplikasies - dit is bepalend vir my ewige lot. Mis moet ons dit nie kyk nie.

Jesus Christus se voorbeeld

Ons het nou kortliks gelet op die Here Jesus se voorskrifte wat ons onderwerp betref. Maar Hy het ook Sy woorde volmaak uitgeleef.

In hierdie verband is Hb 12:1-2 betekenisvol. Hier word die gelowige opgeroep tot volharding in die geloofswedloop. En in hierdie wedloop is die geheim by uitnemendheid om jou oë vas te nael op die Here Jesus, aangesien Hy die wedloop volmaak vóór ons afgelê het.¹

Twee punte hier werp besondere lig op ons tema.

- Eerstens, van Jesus se wedloop word gesê: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins ..." (Hb 12:2). Die wedloop het dus ontsaglike eise aan Hom gestel. Hy het nie net stil en rustig in 'n klooster op die ewigheid sit en wag nie; Hy het voluit en missie-gedrewe geleef. Maar in hierdie wedloop was Hy voluit ingestel op die ewige oorwinnaarsloon wat Hy ná Sy lewe hier op aarde sou ontvang. Wat 'n interessante en betekenisvolle woord gebruik die Hebreërskrywer nie vir hierdie loon nie: Vreugde! Vreugde! Vreugde!

As die Skrif nou sê dat hierdie vreugde vir die Here "in die vooruitsig was" (NAV), vir Hom "voorgehou is", is dit die vertaling van 'n enkele Griekse woord wat sê dat die loon voor Jesus neergesit is; dat dit as aanmoediging voor Hom uitgestal is (Gr. *prokeimai*).

Dieselfde gedagte kry ons in Hb 6:18, waar dieselfde woord gebruik word om te sê dat die Christelike "hoop" voor ons neergesit is.

Terwyl ons dus in ons Christelike wedloop aangevuur word deur dankbaarheid vir redding, en deur 'n hartstog vir God se eer, sit daar terselfdertyd niks ongeestelik daarin om alles te gee "om 'n beter opstanding te kan verkry" nie (Hb 11:35, OAV; vgl. ook Hb 11:10, 13-16, 26-27).

- Tweedens word presies dieselfde Griekse woord (Gr. *prokeimai*) in Hb 12:1 gebruik. Ook die wedloop wat ons hier en nou moet hardloop, is voor ons neergesit.

Sien jy dus die patroon en pragtige balans? Soos in die geval van Jesus, sit ons Hemelse Vader twee dinge voor ons neer: enersyds 'n roeping van gehoorsame rentmeesterskap hier en nou; en andersyds 'n ewige loon. Hierdie twee dinge is onlosmaaklik verbonde - tot so 'n mate dat, as jy net vir een wil gaan, ongeag watter een, verloor jy beide. Sonder 'n gekonsentreerde ingesteldheid op ons ewige loon, kry ons hierdie wedloop eenvoudig nie gehardloop soos ons moet nie. En as ek in hierdie wedloop nie alles gee waartoe ek in staat is nie, verbeur ek die ewige loon.

Ten slotte

Die Here wil nie met hierdie stuk lering in Sy profetiese rede 'n ondraaglike las op ons plaas nie. Maar die sleutel tot sukses lê in die regte verstaan van ons roeping hier en nou - en natuurlik in die gerigtheid op die ewigheid wat daaruit voortspruit.

Dis omdat mense verkeerd verstaan dat hulle hulself in kloosters toesluit, en van die wêreld afsluit. En ewe waar is dit waarom ander weer opgaan in blote humanistiese filantropisme.

As ons denke oor hierdie saak vernuwe is, soos Rm 12:2 sê, is die helfte van die stryd reeds gewonne. Dis soos fiksheid vir 'n atleet. As jy in topkondisie is, is dit vir jou 'n vreugde om te hardloop. Trouens, as jy nie gereeld hardloop nie, raak jy gefrustreerd. Jy is as 't ware verslaaf aan hardloop. Net so met 'n Christendissipel. Waarin het ons meer vreugde as om volgens ons begrip en oortuigings ons alles vir die Here te gee? Wat gee vir ons meer genoegdoening as totale gehoorsamheid?

Dis die atleet wat nie fiks is nie, vir wie die wedloop 'n pyn is. Dis die Christen wie se kennis en oorgawe gebrekkig is, wat Bybelling soos hierdie met 'n swaar hart en teensinnigheid aanhoor.

Daar is nog iets wat 'n reuse verskil maak aan

hoe jy in jou wedloop vaar. Hebreërs 12:1 sê, as ons enduit wil volhard, moet ons alle "laste" afgooi, asook die "sonde" vermy wat mens so maklik omring.

Die begrip "las" dui op te veel vet. Waarteen hy dus waarsku, is enigiets wat hinder of oortollig is. Niemand wat ernstig is om te wen, hardloop 'n maraton met stewels nie. Geen voetslaner laai meer in sy rugsak as wat nodig is nie. Die reël wat hier geld is dus: "Keep your luggage light!"

Elke gelowige wat erns maak met sy wedloop, ken die voortdurende stryd met 'n duisend besloommernisse en verantwoordelikhede wat net eenvoudig deel is van 'n mens se lewe in die samelewing - dinge wat belemmerend inwerk op jou dissipelskap. Baie daarvan is onvermydelik, maar baie ander kan inderdaad afgewoos word. Dit geld veral vir ons wat relatiewe welvaart geniet - want hoe meer jy het, hoe meer probleme het jy.

"Omring" is 'n saamgestelde woord in die Grieks. Dit bevat 3 idees: *vinnig*; plus *rondom*; plus *staan*. Die idee is die van 'n skare mense wat vinnig só om jou saamdrom dat jy nie kan beweeg nie. Hoeveel geloofsatlete het nie al beleef dat sonde, wat aanvanklik skadeloos voorkom, jou in 'n oogwink kan toespin, sodat jy nie herwaarts of derwaarts kan nie!

□ Mag die Here Jesus, wat as Groot Koning vir ons voorskryf hoe om te leef, en as Groot Profeet vir ons gewys het hoe om dit te doen, steeds as Groot Priester by die Vader vir ons intree. Dan sal die inspanning van ons dissipelskap nie eendag tevergeefs blyk te wees nie. Dan sal die fyn balans hierbo genoem, ons lewens elke dag beheers.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellaries en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; of
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906

1. Dit sit in die twee Griekse begrippe wat die NAV met "Begin" en "Voleinder" vertaal.